# 2025 JAARVERSLAG
# AREA 11

Soos voorgehou aan die konferensiegangers op19 Februarie  te Bloemfontein  (met Fichardtpark as gasvroutak).

Area 11 bestaan tans uit 4 takke nl. Fichardtpark (30), Jacobsdal (18), Petrusburg (28) en Tierpoort (25),
Afnames van lede: Fichardtpark 2, Jacobsdal 3, Petrusburg 4. Tierpoorttak het ‘n toename van 3 lede.  Totale afname van area =6 lede.

Die 101  lede van area 11 is almal aktief en lewer positiewe insette in hulle takke en gemeenskappe.

Jacobsdaltak vier hulle eeufees vieringe met 2024 se konferensie! Om 100 oud te word, is ’n besondere mylpaal in die geskiedenis van ’n tak.
Die konferensie is met besondere flair en finesse aangebied. Al die konferensiegangers het die verjaarsdag met vreugde geniet. Die trosse en trosse besonderse balonne op die verhoog, met die groot 100, het ’n kinderlike partytjie-opgewondenheid in ons almal laat opborrel.
Fichardtpark se 19 lede het die rit met ’n bussie aangepak en dit op sigself was al groot pret! Petrusburg het die feesdag feitlik ‘voltal’ bygewoon.
Jacobsdal het soveel positiewe terugvoer uit verskeie oorde ontvang... Genoeg om sommer baie trots op hulleself te voel.
Ja, en daar wen Tierpoort die konferensie loshande....’n Heel eerste wen vir Tierpoort. Hartlik geluk Sonia van Zyl (voorsitter), met jou tak wat met soveel entoesiasme deelgenem het.

Area 11 is ‘n sterk, lewendige area en het die jaar 2024 met positiewe geloofsvertroue aangepak.  Die meeste van die temas is deurgaans deur die meeste takke aangespreek.  Die sameroepers het met goeie beplanning wonderlike opbouende vergaderings aangebied.

*Hierdie jaar het ek gesien dat die dames genoeg kuiertyd ingewerk het tydens vergaderings. Daarom is dit belangrik om vergaderings gereeld by te woon sodat vriendskapsbande gesmee word en lede met verwagting na ’n volgende vergadering kan uitsien! Met elke vergadering is daar gemeld van die heerlike eetgoed. (Sommige het aangepas by die tema).*

**Al die takke het moeite gedoen om heerlike afsluitingsvergaderings te hou.**

**Fichardtpark**
Tydens hulle afsluitingsvergadering hou Fichardtpark hulle prysuitdeling Marelize Visser en Retha Horn het trofees verower vir die meeste inskrywings vir die jaar.
Kobie spoor aan en bemoedig en maak die lede opgewonde oor die konferensie. Die werkies word weer noukeurig bevestig. Daarna hou hulle lekker partytjie.

**Tierpoort** .
‘n Interessante afsluitingsfunksie is by die mooie Villa Avianti gehou. Die middag het ook hulle prysuitdeling en verkiesing van nuwe bestuurslede ingesluitDie prysuitdeling is altyd ’n hoogtepunt. Dames neem gereeld aan die kompetisies deel- asook die nuwe lede (beginners). Die nuwe voorsitter is Hannalie Theron. Die drie nuwe bestuurslede is nie net jonk van hart nie, maar ook in ouderdom!

**Jacobsdal**
Die Jacobsdallers geniet ’n heerlike middag by die Inn hotel. Kersliedere is ondermeer gesing. Wat ’n wonderlike idee...
Winnie Ward het die tak besoek en daar is afskeid geneem van Sarie Knoetze wat verhuis. Estelle Brink se Miami gebak is 2$^{e}$ by SA kongres en sy word gelukgewens. Sy deel van die Miami blikkies aan die taklede uit en kom wys haar waentjie wat sy gewen het.

**Petrusburg**
Petrusburg VLU het by die sportkompleks ’n kuier en braai gehou wat ons manne ingesluit het..KAALVOET DAPPER moes die

spanlede van die groep wat die kompetisies, deur die jaar gedoen, verloor het, die kos maak!   Prysuitdeling is na ete gedoen. Daar word afskeid geneem van Betsie Deysel wat bedank het as beoordelaar. Sy het vir baie baie jare die tak-artikels met uiters noukeurige sorg beoordeel en was meestal in die kol met haar kommentaar en punte. Sy het ook met beoordeling tydens konferensies haar deel gedoen.

**Kompetisies**
NB.  Die takke het regtig moeite gedoen om aan die nuwe en jonger lede leiding te gee. Uit die verslae is opgemerk dat Tierpoort se bestuur hulle jong lede met positiwiteit aangespoor het om deel te neem aan kompetisies.  Met die prysuitdeling is daar spesiaal melding gemaak van hulle deelname.
Daar is egter steeds lede wat versoek dat hulle liewers nuwe kennis wil opdoen deur praktiese opleiding (en self doen) en nie soseer deelneem aan kompetisies nie. Takke sal in 2025 spesiaal aandag gee aan die aspek.
**MAAR:**
Die meeste takke neem met entoesiasme deel aan die konferensie artikels.  Daar is ook 'n positiewe oplewing met gewone kompetisie deelnames in area 11 - wat hartsverblydend is.

**Area 11 wil die beoordelaars van harte bedank vir die kompetisie-artikels wat hulle jaarliks met onvermoeide werkywer, korrektheid en entoesiasme daarstel.**
**Dankie vir die verrykingseminare wat met soveel voorbereiding gepaard gaan om ons te bemagtig. Ons waardeer julle.  Soos Fichardtpark sê: "Verrykingseminare is 'n Praktiede leerskool vir die maak van kompetisie artikels."**
**2026 se artikels vind regtig baie byval by die lede.**

Met besoeke aan die takke, was ek telkens verstom oor die baie artikels op die kompetisie tafels. Ek is baie hartlik ontvang met takbesoeke en sommer nog bederf ook.
Petrusburg het uit die 'argiewe'  **span kompetisies** raakgelees en dit terstond weer ingestel. "n Geweldige ontploffing het gevolg"!  Dit sal seker net effe verfyn word om almal gelukkig te hou. Die lede

het met waagmoed uit hulle “comfort zone“ beweeg en aan alles deelgeneem.

**Plekke behaal tydens Kongres 2024**:
Die volgende dames uit Area 11 het op VVLU kongres pryse ontvang:

Borduurwerk: Salomé du Toit,Tierpoort, 4e, 77%.
Masjienwerk: Salomé du Toit, Tierpoort 2e - 80%, Emsie Müller, Tierpoort 6e - 75%.
Borduurmasjien: Sonia Jacobs, Petrusburg 4e - 78%
Breiwerk: Marieta Pienaar, Tierpoort, 3e - 82%
Hekelwerk: Sonia Jacobs, Petrusburg, 1e - 86%
Handvlyt: Betsie Venter, Petrusburg, 2e - 81%, Irma Davel, Tierpoort, 6e - 77%
Skryfkuns: Liza Burger, Fichardtpark, 5e - 85%
Skilderkuns: Elana Grobbelaar, Petrusburg, 3e - 93%
Preservering: Marelise Visser, Fichardtpark, 3e - 80%.
Gebak: Sarie Knoetze,Jacobsdal, 2e - 81%.
Blomme: Ina Serfontein, Tierpoort, 3e - 80%
Miami: Rhoda Hartzer 1e Relish Estelle Brink Broodjie !e 82%

AREA 11 het derde plek behaal met die kongres.

**PLEKKE BEHAAL MET SAVLU**
Salomé du Toit Masjienwerk 2e plek
Estelle Brink Miami brood 2e
Betsie Venter 4e plek met (kollekuns) handvlyt
(Sonia se hekelwerk en Marieta se breiwerk het ook SAVLU **vlak** gehaal)

**Al die takke se jaarbeplannings het die voorgeskrewe temas aangespreek en is op kreatiewe wyse aangebied.**

**PROJEKTE**

**Jacobsdal**

Jacobsdal VLU dames is baie betrokke by welsyn in die dorp. Hulle het ‘n klerebank wat klere goedkoop verkoop sodat hulp verleen kan word waar nodig.
‘n Skenking van R200 word aan Jacobsdal laerskool gegee
Lootjielyste wat elke lid moet verkoop met gelukkige trekkings. Die wins dien as ledegeld.

**Fichardtpark**
Fichardtpark se lede neem met ywer deel aan Bloem skou en behaal baie pryse.
Hulle vou boksies wat die lede baie geniet. Elsabè demonstreer die maak van Sweetie pies. Met hulle Junie vergadering hou hulle basaar om fondse in te samel vir die konferensie van 2025. Die voorsitter bak 4 koeke wat per sny verkoop word vir takfondse.
November is lootjies verkoop vir ’n slaglam.
Fichardtpark het deurgaans skenkings, soos kosvoorraad, kontant of klere aan Therapèa Kids Kinder- en Jeugsorg sentrum geskenk. Gedurende die winter is mussies, handskoene, serpe en slaapkouse gebrei of gehekel vir die dogters. Wintertye is hulle ook bederf met warm sjokolade, Milo, koekies , beskuit marsmellows en ander lekkernye Soos nodig het hulle skryfbehoeftes ingesamel vir die leerders.

**Petrusburg**

Met die Choc projek het Petrusburg ’n sportdag aangebied en is daar vir “kanker” gestap. Die bedrag van R910 is aan die Chochuis geskenk.
Met die sportdag is R4 382 ingesamel vir die takfondse.
’n Vilt kursus en werkswinkel is aangebied en elkeen kon self vilt maak uit wol en ‘n eie handsak maak. ’n Sushi demo is aangebied.
’n Ete is vir Senior burgers was baie spesiaal.

**Tierpoort:**

Tierpoort woel en werskaf. Hulle hekel en brei steeds vir prem babas by hospitale.
Hulle tak bied ’n heerlike Damesoggend aan met Johannes de Villiers as spreker. Daarmee maak hulle ’n stewige wins van

R11 910. Hulle bied ’n macramé werkswinkel aan. Sonia van Zyl, die voorsitter bied ’n beginnersklas in borduurwerk, oor 4 maande aan. ’n Uitstappie na UV se Science Centre was baie leersaam.

**Takke besoek**

UB Winnie Ward besoek al die takke gedurende 2024

Jacobsdal 27 November Fichardtpark Julie Petrusburg 29 November Tierpoort 13 Julie

**Ten slotte**

Ons President, Elsabè Kotzè: ons wil uit ons harte dankie sê vir die wyse waarop jy VVLU lei. KAALVOET DAPPER het jy die pad van President begin stap. Ons beleef jou sterk geloof , jou skerp humorsin en ons bewonder jou kalm maar besliste leierseienskappe. Elsabè, Vrystaat is trots op jou en wens jou baie seën en vreugde toe vir 2025.

My innige dank aan ons Hemelse Vader vir baie genade gedurende 2024.
Ons almal het die Kaalvoet Dapperheidpad gestap gedurende die jaar.
Die vreugdes **kaalvoet** geniet maar die probleme met **dapperheid** hanteer en oorkom.